momentum
investments

# 2025 ’n Oorsig van die jaar

## Ekonomieë in ’n flits

## 1 Januarie

**Kanada:** Justin Trudeau het sy bedanking as eerste minister aangekondig

**Iran:** Die Verenigde Nasies (VN) het berig dat Iran minstens 901 mense in 2024 tereggestel het (’n toename van 6% teenoor 2023)

**Kongo:** Die VN het bevestig dat minstens 100 000 mense ontheem is ná gevegte teen die rebellegroep M23 in Oos-Kongo

**Indonesië:** Het amptelik by die BRICS-groep aangesluit

**Katar:** Bemiddelaars het ’n skietstilstand van ses weke tussen Hamas en Israel aangekondig

**Suid-Afrika (SA):** Tientalle lyke is uit ’n onwettige myn herwin

**Rusland:** Die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) het die Baltiese Sentry-missie aangekondig om ondersee-kabelsabotasie, glo deur Rusland, teen te werk

**Verenigde State (VS):** Donald Trump is as Amerika se 47ste president ingehuldig en het onmiddellik opdrag gegee om die land uit die Wêreldgesondheidsorganisasie en die Parys-klimaatooreenkoms te onttrek

**Venezuela:** Nicolás Maduro’s se inhuldiging as president is begroet met nuwe sanksies deur Amerika, Brittanje en die Europese Unie weens beskuldigings van dwelmhandel teen hom

## 2 Februarie

**Duitsland:** Aanmerkings deur die Amerikaanse vise-president J.D. Vance tydens die München Veiligheidskonferensie het die transatlantiese alliansie gespanne gelaat

**SA:** Die Regering van Nasionale Eenheid het die begroting uitgestel ná ’n dispuut oor ’n voorgestelde belastingverhoging

**Argentinië:** President Javier Milei staar kriminele klagtes in die gesig nadat hy ’n riskante kriptogeldeenheid, $LIBRA, bevorder het

**Duitsland:** Die konserwatiewe Christen-Demokratiese Unie (CDU)/Christen-Sosiale Unie (CSU)-koalisie het die verkiesing met 29% van die stemme gewen

**Sirië:** ’n Nasionale dialoog was gehou oor die ekonomie en die nuwe grondwet

**Taiwan:** Het ’n Chinese vaartuig aangehou wat daarvan beskuldig word dat dit ondersee-kabels beskadig het

**Oekraïne:** Spanning het hoog geloop tussen die Amerikaanse administrasie en President Volodymyr Zelensky by die Withuis

## 3 Maart

**Duitsland:** Friedrich Merz wil die grondwetlike reël wat staatslenings beperk, verslap

**VS:** Het aangekondig dat 83% van USAID-programme gekanselleer word

**Kanada:** Mark Carney word met 86% van die stemme verkies om Kanada se Liberale Party te lei

**Serwië:** 325 000 burgers het teen regeringskorrupsie geprotesteer

**Israel:** Het hommeltuig aanvalle in Libanon uitgevoer

**VS:** Die kongresmagtiging vir PEPFAR (VIGS-hulp) het verval

**Brasilië:** Die hoogste hof het beslis dat Jair Bolsonaro verhoor moet word vir sy beweerde betrokkenheid by ’n komplot om die regering omver te werp

**Kanada:** Mark Carney roep ’n vinnige verkiesing vir April uit



momentum
investments

## 4 April

**Frankryk:** Hofbeslissing verhoed Marine Le Pen, leier van die verregse Rassemblement National-party, om in 2027 vir president te staan oor beweerde wanbesteding van fondse

**Rusland:** Het die grootste groep dienspligtiges (160 000 mans tussen 18 en 30) sedert 2011 opgeroep

**Finland:** Het saam met Estland, Letland, Litaue en Pole hul onttrekking uit 'n wêreldwye verdrag vir die verbod van die gebruik van landmyne aangekondig

**Hongarye:** Het sy voorneme aangekondig om uit die Internasionale Strafhof te onttrek

**SA:** Begroting is deur die parlement aanvaar nadat die ANC op kleiner partye gesteun het

**Mexiko:** Die Amerikaanse regering het die laagste maandelikse getal migrante ooit gerapporteer

**Mianmar:** Getref deur die sterkste aardbewing in meer as 'n eeu

**China:** Het militêre oefeninge in die Oos-Chinese See naby Taiwan uitgevoer

**VS:** President Trump het teruggestaan van sy "Liberation Day"-tariefplan nadat 75 lande belangstelling getoon het om te onderhandel

**Argentinië:** Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het 'n voorlopige ooreenkoms van US$20 miljard aangekondig

**Ecuador:** Daniel Noboa is met 'n gemaklike meerderheid as president herverkies

**Italië:** Begrafnis van Pous Franciskus

**Venezuela:** 252 bendelede is uit Amerika gedeporteer na 'n tronk in El Salvador

## 5 Mei

**Oekraïne:** Het 'n ooreenkoms met die VS onderteken wat toegang verleen tot sy natuurlike hulpbronne en kritieke minerale

**Indië:** Spanning met Pakistan het voortgeduur ná 'n terreuraanval in Kasjmir ondanks 'n brose skietstilstand

**Duitsland:** Die Bundestag het Friedrich Merz amptelik as kanselier ingestem

**Roemenië:** George Simon, 'n konserwatiewe politikus wat die EU teenstaan, het 41% van die stemme in die eerste ronde van die presidensiële verkiesing behaal

**Australië:** Arbeidersparty was herverkies met 'n groter meerderheid

**Verenigde Koninkryk (VK):** Het sy grootste handelsverdrag sedert Brexit met Indië onderteken

**Golfstate:** President Trump het nuwe handelsverdragte met Saoedi-Arabië en Katar verseker

**Colombia:** Aangekondig dat dit by China se "Belt and Road"-program aansluit

**VK:** Eerste minister Keir Starmer stel 'n strenger beleid oor wettige immigrasie voor en herstel betrekkinge met die EU tydens die eerste VK-EU-beraad sedert 2020

**Italië:** Pous Leo XIV deur die Vatikaan se kardinale verkies

**SA:** President Cyril Ramaphosa besoek die Withuis, waar hy gekonfronteer is met vals bewerings oor 'n Wit Afrikaner-volksmoord

**VS:** Moody's verlaag Amerika se kredietgradering van AAA na AA1

**VS:** Trump-administrasie dreig om Chinese studente se visums te herroep

**VS:** Elon Musk bedank uit die administrasie waar hy die Departement van Regeringsdoeltreffendheid gelei het

## 6 Junie

**Pole:** Karol Nawrocki van die verregse Reg en Geregtigheid-party wen die presidensiële verkiesing

**VK:** Starmer kondig die land se strategiese verdedigingshersiening aan

**Mali:** Wagner, die Russies-ondersteunde huursoldaatgroep, kondig hul vertrek uit Mali aan

**VK:** Minister van Finansies Rachel Reeves publiseer 'n hersiening van staatsbesteding

**EU:** Nuwe sanksies teen Rusland aangekondig

**Iran:** Skietstilstand met Israel begin ná bomme op Iran se uraanverrykingsfasiliteite laat val is

**Kenia:** Burgers protesteer teen polisiewreedheid

**NAVO:** Beraad eindig met 'n ooreenkoms dat lede hul verdedigingbesteding tot 3.5% van bruto binnelandse produk verhoog

**Kanada:** Het 'n verdedigingsverdrag met die EU onderteken vir gesamentlike wapenaankope

**VS:** Zohran Mamdani wen die Demokratiese party se wedloop om te staan vir burgemeester van New York

2025 'n Oorsig van die jaar

momentum
investments

## 7 Julie

**VS:** Die Senaat keur Trump se omvangryke wetsontwerp oor binnelandse beleid, bekend as die "Big Beautiful Bill", goed, wat US$3.4 duisend miljard by die begrotingstekort voeg oor die volgende tien jaar

**VS:** Elon Musk het die stigting van 'n nuwe politieke party aanbeveel ná 'n meningsverskil met Trump

**VK:** Effektemarkte het gedaal toe die Britse regering sy planne vir welsynshervormings moes verander

**Jemen:** Houthi-rebelle, gesteun deur Iran, val kommersiële vaartuie in die Rooi See aan

**Frankryk:** Polisie voer 'n klopjag uit op die hoofkantoor van Marine Le Pen se Rassemblement National-party as deel van ondersoeke na beweerde wanbesteding van veldtogskenkings

**Brasilië:** President Trump kondig 'n 50%-tarief aan op invoere uit Brasilië in reaksie op klagtes teen Jair Bolsonaro oor 'n staatsgreepkomplot

**Frankryk:** Eerste minister François Bayrou het aangekondig dat die regering se besteding gevries sal word om die begrotingstekort onder beheer te bring

**Gaza:** 28 lande vra Israel om die oorlog in Gaza te beëindig

**Japan:** Ooreenkoms met die VS wat 'n 15%-tarief op invoere van Japan instel

## 8 Augustus

**Indië:** Amerika het sy konflik met Indië oor die aankoop van Russiese olie verskerp

**Japan:** Wen 'n US$6.5 miljard-kontrak om fregatte vir Australië se vloot te bou

**Brasilië:** Bolsonaro onder huisarres geplaas; 50%-tariewe op talle Brasiliaanse uitvoere afgedwing

**VS:** President Trump ontplooi die Nasionale Garde in Washington om misdaad te bekamp

**Israel:** Begin intense lugaanvalle op Gaza-stad

**Azerbeidjan:** Onderteken 'n vredesooreenkoms met Armenië, bemiddel deur President Trump

**VS:** E.J. Antoni aangestel as die nuwe hoof van die Buro vir Arbeidsstatistieke ná die afdanking van die vorige hoof oor beweerde datamanipulasie

**Pakistan:** Vloede eis meer as 300 lewens

**Suid-Korea:** Nuwe president Lee Jae-myung ontmoet President Trump by die Withuis vir handelsgesprekke



## 9 September

**China:** Grootste militêre parade nog in Beijing gehou

**Rusland:** Bereik 'n ooreenkoms met China om die Power of Siberia 2-gaspyplyn te bou

**Indië:** Eerste minister Narendra Modi besoek China vir die eerste keer in sewe jaar

**Thailand:** Paetongtarn Shinawatra deur die Konstitusionele Hof as eerste minister ontslaan oor 'n oortreding van etiese reëls

**Indonesië:** Studente betoog teen regeringsplanne om voordele vir politici te verhoog te midde van 'n lewenskoste-krisis

**Afghanistan:** Twee aardbewings eis minstens 1 400 lewens

**Soedan:** Meer as 1 000 sterf in 'n grondverskuiwing

**Benin:** President Patrice Talon bevestig hy tree af ná twee termyne

**VS:** Federale hof keer President Trump om Lisa Cook, 'n goewerneur van die Federale Reserweraad, te ontslaan

**Pole:** Skiet Russiese hommeltuie neer wat sy lugruim binnegedring het – die verste penetrasie in NAVO-gebied tot dusver

**Frankryk:** Sébastien Lecornu vervang François Bayrou as eerste minister

**Noorweë:** Arbeidersparty wen nog 'n termyn in verkiesing

**Israel:** Beveel alle inwoners van Gaza-stad om te ontruim voor 'n verwagte grondaanval

**Mosambiek:** Islamitiese aanvalle in Cabo Delgado lei tot 100 000 mense wat vlug

**VS:** Amerikaanse aktivis Charlie Kirk doodgeskiet in 'n politieke sluipmoord in Utah

**Japan:** Ishiba Shigeru bedank as eerste minister

**Thailand:** Anutin Charnvirakul verkies as nuwe eerste minister

**Duitsland:** Regs-populistiese Alternatief vir Duitsland verdrievoudig hul steun in munisipale verkiesings

**VS:** President Trump kritiseer die VN se vermoë om konflikte op te los in 'n toespraak aan die Algemene Vergadering

**Malawi:** Peter Mutharika verkies as president

2025 'n Oorsig van die jaar

# 2025 'n Oorsig van die jaar

## 10 Oktober

**Gaza:** President Trump kondig 'n 20-puntplan aan om die oorlog te beëindig

**VS:** Eerste federale regeringsluiting sedert 2019 begin oor geskil oor belasting op gesondheidsversekering

**Iran:** Frankryk, Brittanje en Duitsland stel weer sanksies in teen Iran oor 'voortgesette kerneskalasie', tien jaar ná dit opgehef is

**Frankryk:** Sébastien Lecornu bedank as eerste minister ná minder as 'n maand, maar later weer aangestel

**Tsjeggiese Republiek:** Populistiese ANO-party wen die parlementêre verkiesing

**Japan:** Takaichi Sanae verkies as leier van die regerende Liberale Demokratiese Party en word nuwe premier

**Afghanistan:** Stem in tot 'n 48-uur skietstilstand met Pakistan ná dodelike grenskonflik

**Bolivië:** Sentris Rodrigo Paz wen die presidensiële verkiesing

**Argentinië:** Sentrale bank onderteken 'n US$20 miljard geldeenheidruilooreenkoms met die Amerikaanse Tesourie

**Frankryk:** Voormalige president Nicolas Sarkozy begin vyf jaar tronkstraf vir die gebruik van onwettige Libiese veldtoggeld, maar word gou vrygelaat hangende appèl

**China:** Stem in tot 'n eenjaar-handelsooreenkoms met die VS en beloof om uitvoerbeperkings op seldsame aardmetale te verslap in ruil vir laer tariewe op Chinese goedere

**Argentinië:** Milei se party behaal 'n wegholoorwinning in die middeltermynverkiesings

**Kameroen:** Paul Biya wen 'n betwiste agtste termyn

## 11 November

**VS:** Demokratiese sosialis Zohran Mamdani wen die burgemeestersverkiesing in New York en word die eerste Moslem om die stad te lei

**Tanzanië:** Samia Suluhu ingesweer vir 'n tweede termyn

**EU:** 'n Verslag oor lande wat wil aansluit, noem dat Oekraïne vordering gemaak het, maar dat daar onvoldoende hervormings is om korrupsie uit te wis vir toetrede teen 2028

**Egipte:** Die Groot Egiptiese Museum het oop gemaak in Giza ná twee dekades teen 'n koste van US$1 miljard

**VS:** Langste regeringsluiting in die geskiedenis eindig nadat verskeie Demokrate saam met Republikeine stem om die fiskale dooiepunt te breek

**SA:** S&P Global Ratings verhoog die land se buitelandse kredietgradering na BB en handhaaf 'n positiewe vooruitsig

**VN:** COP30, die VN se klimaatskonferensie, het in Brasilië begin

**Irak:** Muhammad Shia al-Sudani verseker nog 'n termyn as eerste minister ná 'n parlementêre verkiesing

**SA:** G20-leiersberaad fokus op kunsmatige intelligensie (KI)-bestuur, digitale handel en die hervorming van globale finansies

## 12 Desember

**Eurosone:** Europese Beheerraad vergader om oor rentekoerse te besluit te midde van beter groei

**VS:** Federale Opemarkkomitee vergader om oor rentekoerse te besluit te midde van hoë inflasie

**VK:** Bank van Engeland se rentekoersvergadering te midde van 'n verswakkende arbeidsmark en fiskale risiko's

**Japan:** Bank van Japan besluit oor rentekoerse in 'n gemengde omgewing van olieprysskokke en 'n brose ekonomiese herstel

**Sentraal-Afrikaanse Republiek:** Algemene verkiesing

momentum investments

**Bronne:** The Economist, Financial Times, CNN, The Washington Post

momentum
investments

# Ekonomieë in ’n flits

## November 2025

## VSA

Groei het vir vier agtereenvolgende jare bo die tendens gebly, aanvanklik gedryf deur fiskale vrygewigheid en ’n veerkragtige arbeidsmark. In Desember 2024 het Bloomberg se mediaan konsensus ’n groeisyfer van 1.2% vir 2025 verwag. Die vooruitskatting het teen Februarie tot 2.3% gestyg, maar het in Mei tot onder 1.4% gedaal nadat die Trump se tariefaankondiging onsekerheid in die markte veroorsaak het. Nadat die regering sy standpunt oor tariewe verslap het, het verwagtinge meer stabiel geraak, en die verwagte groeikoers vir 2025 was teen einde November 1.9%. Inflasie het reeds vier jaar lank bo die Federale Reserweraad se teiken van 2% gebly, wat arbeidsmarkspanning en aanhoudende ontwrigtings in voorsieningskettings weerspieël. In Desember 2024 het kenners verwag dat die ekonomie in 2025 met 2.5% sou groei. Met ’n afkoelende arbeidsmark maar steeds ongerieflike hoë inflasie, het die Fed twee rentekoersverlagings van 25 basispunte in 2025 aangekondig. Markte verwag nog drie verlagings, al is die tydsberekening onseker ná vertraagde datavrystellings tydens die VSA se begrotingsgeskil en regeringssluiting.

**Raming 2025:**
BBP: **1.9%**
Inflasie: **2.8%**
**Raming 2026:**
BBP: **1.9%**
Inflasie: **2.9%**

## Eurosone

Ekonomiese aktiwiteit het gedurende 2023 en 2024 gedemp gebly, weens swak industriële momentum, hoër rentekoerse en die uitwerking van aanpassings ná die pandemie. Toestande het egter hierdie jaar verbeter omdat huishoudings meer bestee het. Lone het vinniger gestyg as inflasie, wat besig was om af te koel, en mense het nog spaarbuffers gehad om hul besteding te ondersteun. In Desember 2024 het Bloomberg se mediaan konsensus ’n groei van 1% vir 2025 verwag, maar tariefonsekerheid en swak uitvoere het die vooruitskatting teen Mei na 0.8% laat daal. Teen November het verwagtinge herstel tot 1.4%, ondersteun deur sterker as verwagte binnelandse vraag en fiskale steun. Ná vier jaar van energiekonflik, ontwrigte voorsieningskettings en ongelyke herstelpatrone ná die pandemie, het Eurosone-inflasie uiteindelik betekenisvol afgekoel in 2025. Met prysdruk wat verslap, het die Europese Sentrale Bank rentekoerse vier keer verlaag. Markte verwag dat rentekoerse stabiel sal bly, terwyl beleidsmakers huiwerig is om verder te verlaag, tensy daar duidelike bewyse is dat inflasie te laag is of die ekonomiese groei verswak.

**Raming 2025:**
BBP: **1.3%**
Inflasie: **2.1%**
**Raming 2026:**
BBP: **1.0%**
Inflasie: **1.8%**

## Verenigde Koninkryk

Die ekonomiese groeikoers gaan na verwagting stadig herstel. Dit was 1.1% in 2024, nadat dit die vorige jaar slegs 0.3% was. Die verbetering is te dankie aan beter beleggingsomstandighede. Rentekoersverlagings deur die Bank van Engeland het finansiële druk verminder en besighede aangemoedig om weer te belê. Bloomberg se mediaan konsensus het 2025 op 1.4% begin, onder 1% gedaal teen Mei weens kommer oor tariewe, en teen November weer tot 1.4% herstel. Die politieke agtergrond, wat kortstondig gestabiliseer het ná die Arbeidsparty se oorwinning in Julie 2024, het sedertdien meer onstuimig geraak. Die regering se begrotingsdruk, insluitend hoër belasting vir mense wat in hoër inkomsklasse beweeg en ’n ekstra raadsbelasting op huise van meer as £2 miljoen, saam met meningsverskille oor beleid, het vertroue verswak. Die Arbeidersparty se steun in ’n peiling van Politico het van 27% aan die begin van die jaar tot 18% in November teruggesak, terwyl eerste minister Keir Starmer se goedkeuringsyfer van 36% in Augustus 2024 tot 17% teen laat 2025 gedaal het. Inflasie, wat van hoogtepunte van 9.1% in 2022 en 7.4% in 2023 tot 2.5% in 2024 gedaal het, word verwag om in 2025 tot sowat 3.4% te styg weens binnelandse beleidsveranderings.

**Raming 2025:**
BBP: **1.4%**
Inflasie: **3.4%**
**Raming 2026:**
BBP: **1.1%**
Inflasie: **2.4%**

## Japan

Japan se ekonomie het in 2025 gemengde resultate gelewer. Kenners wat deur Bloomberg ondervra is, verwag dat dit met sowat 1.3% sal groei. Dit is ongeveer dieselfde as die skatting van ’n jaar gelede en is ’n duidelike verbetering teenoor die 0.2% inkrimping in 2024, selfs al het wêreldwye uitdagings soos Amerikaanse tariewe en aanhoudende binnelandse probleme die situasie bemoeilik. Die politieke toneel was ewe onstuimig. Voormalige premier Shigeru Ishiba se minderheidsregering het in September bedank nadat die regerende LDP-koalisie sy meerderheid ná die Julie-verkiesing verloor het. Dit het gelei tot die aanstelling van Sanae Takaichi, wat meer onsekerheid oor regeringsbeleid meegebring het. ’n Swakker jen, die beëindiging van regeringsubsidies en hoë voedselpryse het inflasie die hele jaar bo die Bank van Japan se teiken van 2% gehou. Hierdie ekonomiese agtergrond het slegs een rentekoersverhoging in 2025 regverdig, met beleidmakers wat wag op bevestiging van breër vraagdruk voordat verdere optrede oorweeg word.

**Raming 2025:**
BBP: **1.2%**
Inflasie: **3.1%**
**Raming 2026:**
BBP: **0.8%**
Inflasie: **1.8%**

## China

China se ekonomie het wêreldwye struikelblokke gedurende 2025 beter as verwag getrotseer. Bloomberg se mediaan groeikonsensus het van 4.2% in April tot 4.9% in November 2025 verbeter, gedryf deur beleid wat in ooreenstemming is met die 14de vyfjaarplan se fokus op gevorderde vervaardiging, hernubare energie en strategiese tegnologieë. Handelsbetrekkinge met die VSA het na 'n fase van versigtige de-eskalasie verskuif, met raamwerkooreenkomste wat op wedersydse toegang en beleggingsverbintenisse gefokus het, hoewel spanning oor Taiwan en strenger beheer oor seldsame aardmetale die vooruitsig steeds demp. Prysdruk het steeds gedemp gebly, onder andere weens swak binnelandse vraag, aanhoudende oorkapasiteit en 'n brose eiendomssektor. Die gedempte inflasie-omgewing weerspieël ook beperkte invloed van fiskale maatreëls wat daarop gemik is om plaaslike regeringstrukture te verlig. Bloomberg se mediaan inflasieverwagting, wat 'n jaar tevore nog 0.9% was, is geleidelik verlaag tot 0% namate hierdie disinflasionêre kragte verdiep het.

**Raming 2025:**
BBP: **4.9%**
Inflasie: **0.0%**
**Raming 2026:**
BBP: **4.5%**
Inflasie: **0.5%**

## Ontluikende markte

Ontluikende markte het in 2025 stewiger groei gelewer, teen meer as dubbeld die tempo van gevorderde ekonomieë. Bloomberg se mediaan konsensus toon dat die streek Europa-Midde-Ooste-Afrika die agterblyer is, met verwagte groei wat van 2.5% vroeg in die jaar tot 2.2% verlaag is, aangesien koste van die energie-oorgang, die impak van die oorlog in Oekraïne en voortgesette handelsontwrigtinge sy tol geëis het. Latyns-Amerika se vooruitsig het effens verbeter, met groeiverwagtinge wat van 2.5% tot 2.7% verbeter het, ondersteun deur sterker grondstofpryse. In die Asië-Stille Oseaan-streek is die Bloomberg-konsensus vir 2025 opwaarts hersien tot 3.9%, dieselfde vlak as aan die begin van die jaar, nadat intra-Asiatiese handel, veerkragtig ten spyte van wêreldwye verdeeldheid, twee tariefverwante afgraderings gedeeltelik geabsorbeer het. Groei-verwagtinge vir Afrika suid van die Sahara het ook in die tweede helfte verbeter namate mynbedrywighede toegeneem het, al bly fiskale druk 'n beperking. Inflasieverwagtinge vir ontluikende markte in geheel het deur die jaar laer beweeg, met Bloomberg se mediaan voorspelling wat van 3.5% tot 3% gedaal het, ondersteun deur veerkragtige voorsieningskettings en laer voedsel- en oliepryse.

**Raming 2025:**
BBP: **4.1%**
Inflasie: **3.0%**
**Raming 2026:**
BBP: **4.1%**
Inflasie: **2.8%**

## Suid-Afrika

Groeiverwagtinge van die Reuters Econometer vir 2025, het die jaar op 1.7% begin, maar geleidelik laer beweeg namate verwagtinge oor 'n groter beleggingsherlewing vertraag is deur voortslepende politieke en beleids-onsekerheid, veral 'n dispuut oor 'n voorgestelde verhoging in belasting op toegevoegde waarde, wat die finale begroting vertraag het. Nietemin het positiewe verrassings deur die jaar die mediaan konsensus tot 1.2% verbeter nadat dit kortstondig onder 1% was, hoewel groei steeds gedemp bly deur lae sake- en verbruikersvertroue en voortdurende wêreldwye en handelsonsekerheid, insluitende die afwesigheid van 'n afgeronde bilaterale handelsooreenkoms met die VSA. Vooruitgang in kerninfrastruktuur het vroeë tekens van 'n strukturele ommekeer getoon. Eskom se herstelplanne het vas gestaan, met geen beurtkrag sedert 26 Maart 2024 nie, terwyl stabilisering in spoorvolume en stappe om privaatsektor-deelname by hawens en spoorpunte te vergroot, op verbeterde logistiek dui. Vertroue in strukturele hervormings, tesame met voortgesette fiskale dissipline, het S&P Global Ratings se besluit ondersteun om Suid-Afrika se gradering met een vlak te verhoog in November 2025, kort ná die land se verwydering van die gryslys. Inflasie het intussen herhaaldelik laer verras te midde van gedempte dienste-inflasie, 'n stewige rand en laer oliepryse,, ondersteun deur die laer inflasieteiken van 3%. Dit het die Suid-Afrikaanse Reserwebank in staat gestel om rentekoerse vier keer in 2025 te verlaag.

**Raming 2025:**
BBP: **1.0%**
Inflasie: **3.3%**
**Raming 2026:**
BBP: **1.4%**
Inflasie: **3.6%**

Momentum Investments is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider.

# Die ekonomiese navorsingspan



**Sanisha Packirisamy**
**Hoofekonoom**



**Tshiamo Masike**
**Ekonoom**

Die inligting wat gebruik is om hierdie dokument op te stel sluit inligting in van derde partye en is slegs bedoel vir inligtingsdoeleindes. Hoewel ons alle redelike stappe neem om die akkuraatheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, gee nie Momentum Metropolitan Life Limited of enige van hulle onderskeie filiale of geaffilieerdes, enige uitdruklike of implisiete waarborg oor die akkuraatheid, volledigheid, of betroubaarheid van die inligting in hierdie dokument nie en geen waarborge van enige soort, uitdruklik of implisiet, word gegee oor die aard, standaard, akkuraatheid of andersins van die inligting wat verskaf word nie.

Nie Momentum Metropolitan Life Limited, sy filiale, direkteure, amptenare, werknemers, verteenwoordigers of agente (die Momentum partye) het enige aanspreeklikheid teenoor enige persone of entiteite wat die inligting in hierdie dokument ontvang vir enige eis, skadevergoeding, verlies of uitgawes nie, insluitende, en sonder enige beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige of gevolglike koste, verliese of skade, of in kontrak of delik, wat mag voortspruit uit of in konneksie met inligting in hierdie dokument en jy stem om die Momentum partye dienooreenkomstig vry te waar. Vir meer inligting besoek momentum.co.za. Momentum Investments is deel van Momentum Metropolitan Life Limited, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer, met 'n B-BBEE vlak-1 gradering.

# Indekse vir November 2025

| | Een maand | Drie maande | Een jaar | Drie jaar | Vier jaar | Vyf jaar | Ses jaar | Sewe jaar | Tien jaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Aandele-indekse** | | | | | | | | | |
| FTSE/JSE Indeks van alle aandele (Alsi) | 1.70% | 10.21% | 35.79% | 18.16% | 16.34% | 18.68% | 16.48% | 15.98% | 11.70% |
| FTSE/JSE Aandeelhouersgeweegde-indeks (Swix) | 1.70% | 10.21% | 35.79% | 17.51% | 15.94% | 16.80% | 14.25% | 13.41% | 9.77% |
| FTSE/JSE Bobeperkte Swix-indeks | 2.30% | 10.95% | 35.95% | 17.48% | 16.25% | 18.48% | 14.85% | 13.58% | 9.67% |
| FTSE/JSE Top 40-indeks | 1.40% | 10.83% | 39.99% | 18.46% | 16.74% | 18.80% | 17.21% | 16.69% | 11.94% |
| FTSE/JSE Indeks vir mediumgrootte maatskappye | 4.83% | 10.78% | 22.90% | 15.48% | 13.86% | 17.23% | 10.92% | 11.37% | 9.25% |
| FTSE/JSE Indeks vir kleingrootte maatskappye | 4.72% | 10.98% | 22.57% | 20.79% | 19.87% | 26.39% | 20.47% | 16.43% | 10.98% |
| FTSE/JSE Hulpbronindeks | 9.57% | 30.88% | 102.19% | 18.45% | 18.47% | 22.06% | 21.44% | 23.29% | 21.09% |
| FTSE/JSE Finansiële-indeks | 2.61% | 9.26% | 18.38% | 18.92% | 19.67% | 21.58% | 12.10% | 10.36% | 7.97% |
| FTSE/JSE Nywerheidsindeks | -4.83% | -1.82% | 18.92% | 16.87% | 12.23% | 14.06% | 14.33% | 13.54% | 8.39% |
| FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse 40-indeks (Rafi) | 3.69% | 15.23% | 43.83% | 17.15% | 17.96% | 22.05% | 17.28% | 16.52% | 13.86% |
| FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse Alsi | 3.61% | 14.00% | 38.10% | 16.85% | 17.32% | 21.60% | 16.71% | 16.02% | 13.43% |
| FTSE/JSE SA Genoteerde Eiendomsindeks (Sapy) | 7.71% | 15.04% | 30.97% | 23.28% | 19.05% | 23.72% | 8.55% | 7.73% | 4.43% |
| INET-J803T FTSE/JSE Indeks van alle eiendom (Alpi) | 7.82% | 15.43% | 31.29% | 23.75% | 18.60% | 23.62% | 8.34% | 7.10% | 3.06% |
| **Rentedraende-indekse** | | | | | | | | | |
| FTSE/JSE Indeks van effekte (Albi) | 3.45% | 9.62% | 20.54% | 16.09% | 13.59% | 12.48% | 11.73% | 11.33% | 10.42% |
| FTSE/JSE Indeks van effekte 1-3 jaar (Albi) | 0.82% | 2.22% | 9.51% | 9.54% | 8.47% | 7.57% | 8.28% | 8.24% | 8.38% |
| FTSE/JSE Inflasiegekoppelde-indeks (Ili) | 3.80% | 8.55% | 13.31% | 10.01% | 9.05% | 9.83% | 8.61% | 7.65% | 5.92% |
| Saamgestelde indeks van korttermyn-vasterente (Stefi) | 0.57% | 1.75% | 7.62% | 8.01% | 7.24% | 6.54% | 6.40% | 6.53% | 6.78% |
| **Kommoditeite** | | | | | | | | | |
| NewGold Beursverhandelde Fonds | 3.01% | 18.02% | 49.49% | 33.77% | 25.33% | 21.06% | 22.04% | 22.73% | 16.36% |
| Goudprys (in rand) | 3.38% | 18.32% | 49.98% | 33.82% | 25.50% | 21.38% | 22.31% | 23.09% | 16.72% |
| Platinum Beursverhandelde Fonds | 3.92% | 20.29% | 69.25% | 17.72% | 17.03% | 13.56% | 13.52% | 14.22% | 8.82% |
| Platinumprys (in rand) | 6.01% | 20.22% | 67.68% | 17.83% | 16.42% | 13.38% | 13.34% | 14.07% | 8.77% |
| **Wisselkoersbewegings** | | | | | | | | | |
| Rand/euro bewegings | -1.08% | -4.37% | 4.00% | 4.06% | 2.19% | 1.47% | 3.49% | 3.37% | 2.66% |
| Rand/dollar bewegings | -1.50% | -3.37% | -5.28% | 0.31% | 1.74% | 2.18% | 2.61% | 3.04% | 1.72% |
| **Inflasie-indeks** | | | | | | | | | |
| Verbruikersprysindeks (VPI) | | | 3.59% | 4.11% | 4.96% | 4.97% | 4.68% | 4.53% | 4.80% |

**Important notes**

1. Sources: Momentum Investments, IRESS, www.msci.com, www.yieldbook.com, www.ft.com.
2. Returns for periods exceeding one year are annualised.
3. The return for Consumer Price Index (CPI) is to the end of the previous month. Due to the reweighting of the CPI from January 2009, this number reflects a compound of month-on-month CPI returns. The historical numbers used are the official month-on-month numbers based on a composite of the previous inflation series (calculations before January 2009) and the revised inflation series (calculations after January 2009).
4. The MSCI World index (All Countries) returns are adjusted to correspond with global investment prices received.
5. FTSE/JSE disclaimer: www.jse.co.za
6. The information reproduced in this document has been compiled by or arrived at by Investments from sources believed to be reliable.
7. Reasonable steps have been taken to ensure the validity and accuracy of the information in this document. However, Momentum Investments does not accept any responsibility for any claim, damages, loss or expense, howsoever arising out of or in connection with the information in this document, whether by a client, investor or intermediary.
8. The content used in this document is sourced from various media publications, the Internet and Momentum Investments. For further information, please visit us at www.momentuminv.co.za.
9. Momentum Investments is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider, and rated B-BBEE level 1.